Dries , Ilse , Jana & Cordre van Jaarsveldt

2012 :3 PO Box HA 70 HAK ; Maun; Botswana 333diam@gmail.com Sel : +267 73815279



Aanbidding *gebeur verseker Sondae wanneer mens as gemeente saamsing. Maar aanbidding is meer as dit …*

Die hart van aanbidding vind sy oorsprong in die binnekamers van ons hart en word die uitvloeisel van ons alledaagse lewe – in hoe ek my man/vrou liefhet; in hoe ek ander hanteer; die kelner by die restaurant of bedelaar op straat of hoe ek 'n besigheids transaksie doen. God word verheerlik deur hoe ons is wanneer niemand kyk nie. Dis wie ons regtig is.

As die gemeente saam kan aanbid op Sondae, dan sing die hemele vir seker saam.

(Geneem uit Leef tydskrif Julie 2012 – Die hart van aanbidding)

"Gemeente" = Liggaam van Christus waarvan Hy alleen die Hoof is.

Goeie dag goeie vriende, ons groet julle in die naam van Jesus ons Here !!

Julle moet besef dat ons die nuusbrief saamstel juis in die tyd dat die sneeu in SA val en daarom dat ons hier ook sit en bibber en deel in jul koue. Nietemin getuig ons graag oor Sy warm koester-liefde wat mense soek en vind, wat harte aanraak en oopbreek, wat koue en doellose lewens herstel, hoop en rigting gee, want aan elkeen wat Hom erken as sy/haar verlosser en Koning gee Vader God die reg dat ons onsself,kinders(prinse en prinsesse)en erfgename van die allerhoogste God kan noem en ons is dit ook.

Hierdie nuusflits het dalk nie so baie foto's in nie, maar neem asb die tyd om die heelwat meer leeswerk te doen en aanbid saam met ons die lewende Here wat oneindig meer doen as wat ons kan dink of besef. Dat Hy mense kies om Sy liefde en verlossing aan ander oor te dra gaan ons verstand te bowe,want ons faal so maklik en skiet dikwels soveel te kort. Hy vra net 'n gewillige en gehoorsame hart . Hy slaan immers 'n reguit hou met 'n skewe stok! Dankie daarvoor Koning Jesus - dit gaan nie oor ons nie, maar oor U en U Koningkryk, U eer en U Glorie. Prys U naam O Majesteit tot in alle

Gewillige harte uitreik:

Met gewillige harte, hande en voete het 8 volwassenes en 4 kleuters van Durbanville die afgelope winter vakansie na Botswana uitgereik. Die eerste deel van die uitreik was in Maun waar hul blootgestel was aan sendeling-gesinne en die kans geneem het om elke gesin met die Woord te bedien. Bederf pakkies aan die sendelinge was agter elke bos te vind en elke geleentheid om te dien het die span met beide hande aangegryp.Die tweede deel van die uitreik het ons hul Mahopa toe geneem om klippe te kou…ek bedoel om met klippe te bou. Na 2 dae is die klipmuur om Labala se boorgat voltooi en kan ons rustiger wees dat die olifante nie so maklik die sonpanele en boorgat sal beskadig nie. Dankie Gewillige harte en almal wat die uitreik vir hul moontlik gemaak het, ons loof God bo alles vir Sy afsprake met elkeen wat op die uitreik was, Hy is voorwaar Skepper God wat die hele wêreld in Sy hand hou…selfs die kleinste detail in elke situasie.

Siegfried, Rosa, Siedro en Roshanna na Botswana:

Siegfried en Rosa Swanepoel met hul kleingoed Siedro (amper 6) en Roshanna (2) was deel van die Gewillige harte uitreikgroep. Hul het al geruime tyd ervaar God wil hul gebruik in die bedieningsveld, maar waar en wanneer was eers onbekend. Met oop harte en ore het hul op die uitreik gekom en terug in die Kaap het hul medegelowiges gevra om saam met hulle te bid. Hul ervaar dat God hul na Botswana roep en is reeds besig om hul tasse te pak om einde September vir drie maande by ons aan te sluit om meer te wete te kom van Botswana, die bediening en sendingwerk. Daarna sal verdere besluite geneem word by Vader se voete. Loof God saam met ons vir hul oop ore en gehoorsame harte. Bid ook vir hulle as gesin vir die aanpassings en reëlings wat getref moet word. Indien jy voel Vader lei jou om met Sieg en sy gesin te kuier of hulle te bemoedig rondom ‘n braaivleis vuurtjie of dalk wil jy help om dit vir hulle moontlik te maak om te kan kom, kontak hulle asb. Selfoon: 0837812289. Die oes is groot, arbeiders min en nie almal reageer gehoorsaam op Vader se roepstem nie.

Every Nation Opleidings week in Maun :

Kruis-kulturele verhoudinge asook bedieninge is ‘n uitdaging wat regtig wysheid en insig verg. Doelbewuste en gefokusde verhoudingsbou vra geduld, tyd, uithouvermoë en volharding. Dit voel soms of jy een tree vorentoe beweeg en drie treë terug. Die realiteit is dat dit wel in sekere verhoudinge die geval is. Taal en kulturele mure is nie die eenvoudigste om te oorkom in die moderne tye waarin ons lewe nie. Bygese, ek praat dan van die onbereikte/”lost” teikengroep. Selfs met die geletterde persoon wie se verwysings raamwerk redelik wyd is, is sending-metodiek van gister nie so relevant vir vandag nie. Die nuwe generasie wil persoonlik die ontdekking maak op alle terreine. Waar ons voorheen 10% kon evangeliseer en 90% die evangelie leef, is daar nou min mense wat “oop” is vir die 10% evangelisering. Die neiging, selfs in ons eie kultuur en gemeenskappe in SA is dat ons almal deesdae soveel meer toegang tot Bybel-vertalings, kommentare, internet en ‘n hele magdom inligting het, dat die “self-ontdekking” en “self-uitklaring” die moderne ontdekkingsstyl is. Dit hou sekere gevare in, maar met goeie ontdekkings metodes kan daar ‘n geestelike verdieping in die individu se lewe plaasvind wat andersins onaangeraak sou bly. Dit sluit die ontdekking van Vader God en Sy Woord in. Persoonlik voel ek dit help ons om ons menslike pogings makliker ondergeskik aan die werking van die Heilige Gees te sien. Ons kan dikwels voel dat “ek” die sleutel tot die sukses is, waar dit eerder jou gehoorsame reaksie en “submission” aan God se roepstem is wat maak dat jy bruikbaar in Sy hand word.

Ek wil kortliks uitkom by ‘n evangelisasie en dissipelskap metode/sleutel wat regtig eenvoudig, maar tog dieper is as wat ons aan gewoond was. Dit is die Kollom Metode. Hierdie sleutel help die man op straat om God Sy Skepper, Verlosser en Raadsman self (dit waarna almal deesdae beweeg – self ontdekking) te vind in die Woord. Ja, daar is intense begeleiding en hegte verhoudinge in hierdie dissipelskap model, maar die Woord van God word die dissipel se maatstaf. Dis nie meer “dis wat Dries my geleer het” nie, nee dis eerder “ek het dit in God se Woord ontdek en dit is my persoonlike oortuiging dat Vader my gemaak het, my liefhet, my wil red, my as een van Sy dissipels en deel van Sy Liggaam wil hê” ens. Dis so kosbaar en dis opwindend. Nuwe lewe en energie binne die evangelie van Jesus Christus.

Daar is ‘n youtube “link” van ons laaste opleiding in Maun oor onder meer hierdie “bedienings-tool” www.youtube.com gaan dan in op “Maun Training Feedback.”

Sean + Britt Watson, Ilse + Dries en heel regs Andre Smith. Mense met ‘n passie en spesifieke DNA om dissipels te maak en in die proses self ook nader aan Jesus te groei.



Gesinsnuus:

Ons geniet Matlaphana en veral die tye wat ons saam met mede gelowiges kan spandeer. Dries besoek byna maandeliks die Mahopa omgewing en kom ook by ander Word to Africa bedieningspunte uit. Soos met die geboorte van ‘n baba verloor die jong gelowiges in die eerste paar dae ‘n paar gram en tel dan weer op. Als is onder beheer en gesonde aanmoediging op die regte tyd is kosbaar. Onthou die jong gelowiges in jul gebede asb.

Die kinders het heelwat maatjies, en hul sosiale vaardighede het so uitgebrei dat Cordre selfs al ‘n paar engelse woorde gebruik. Jonge dame Jana het haar eerste tand gewissel en lyk te pragtig met haar haasbekkie. Ilse en die “tentonderrig” vind mekaar goed en Jana (amper 6) het die meeste van die ABC klanke onder die knie en sal een van die dae met haar leesboekie begin. Hulle het hul klassie in die groot tent wat buite opgeslaan is. Eenvoudige wiskunde is ook ‘n gunsteling. Cordre (amper 3) is besig met toilet vaardighede en net as ons dink hy het dit onder die knie dan is daar iets onder teen die knie, maar daar is darem vordering. Verder pragtig gesond.

Noord Wes areas:

“By Provision” wil graag die volgende gat kom boor. Die gedagte is dat hulle op die Dobe kerkerf ‘n gat sal sink asook een in die gemeenskap. Beide sal op hierdie stadium handpompe van “Living Water” kry. Sodra daar water is kan die gemeenskappie dalk ‘n groente tuin begin.

Qangwa se basis huis is onvoltooid en onlangse besoekers uit Robertson voel dat hulle hart en hand wil bysit om die konstruksie te voltooi. Ons vertrou dat Vader dit sal voorsien wat die projek benodig. Bid dat Russian en Boo mekaar goed sal aanvul en bemoedig. Bid vir Russian se behoefte om te trou sodat sy vrou saam met hom op Qangwa kan wees. Boo het gegaan vir opleiding ivm die bedryf van ‘n “street vendor” winkeltjie. Sodoende kan hy self onderhoudend wees.

Sepopa: Ruben en sy vrou moes Gaborone toe vir mediese behandeling, maar is weer veilig terug. Ons bid vir ‘n opregte roeping en gewillige hart sodat Sepopa se gemeenskap die liefde van God op ‘n suiwer manier sal ontvang. Bid vir rentmeesterskap wat nie op die “self” gefokus is nie.

Dag tot dag in Maun:

Connect groups – op verskillende plekke en verskillende tye gedurende die week word die proses van verhoudings bou en dissipelmaking binne die “connect groups”-konsep uitgeleef. Op hierdie stadium is daar vyf mans groepies en een dames groep.

LG-meetings – Ons hou weekliks op ‘n Dinsdag-aand ‘n “Leadership group meeting” waar ons mekaar bemoedig en terugvoer gee oor die week se “connect group” vorderings. Ons leer baie, ons maak baie foute, ons huil saam, ons lag saam en dis seker als deel van die “bold step of faith” wat ons neem om in Sy wil te probeer beweeg.

Access ministries – Soos in meeste gemeenskappe is hier ook baie nood. Om net die nood te verlig is tydelik en nie altyd volhoubaar nie. Ons vertrou dat Vader ons die wysheid sal gee om die nood aan te spreek en die mense te dien met die liefde van God d.m.v. “access ministries”, soos ‘n groente tuin, “basic skills training”, “Goodnews Clubs” by skole, kliniek besoeke en sport.

Tydens ‘n “connect group” by die koffie-winkel, stop ‘n luukse motor en **Eben** stap laat-middag in (‘n groot, netjiese swart man - totaal ‘n onbekende). Ek en Jan (farming God’s Way sendeling) en Dr (‘n jong Ngalanga man 22 van Maun) is besig met die Woord. “What is that?” vra die man. “It’s the Bible, the Word of God sir!”, “Can we help you sir?” - “You don’t know me !!, I am the DEVIL !!” “ Well, I believe you are not ! But please sit down sir” … Lang storie… Eben is sterk onder die invloed van drank… ruik dit, sien dit en hy sê dit met “trots”. Ons verduidelik dat God nie duiwels maak nie, maar dat Hy ons spesiaal geskape het na Sy beeld. Ons as Sy skepsels maak soms verkeerde keuses wat die duiwel houvas in ons lewe gee. Maar daar is niks wat ons as mens kan doen of sê wat sal maak dat Vader God ons meer of minder sal lief hê nie. Joh 3:16 IS !! “God’s love is there for you sir, He is the healer, the One that restores, the One that forgives and who loves unconditionally”. Twee dissipels Jan en Dr … “in job training”. Eben breek, trane loop asof die krane oopgedraai is, die koffie-winkel personeel kyk toe…… Eben (+-45) ‘n ontwikkelaar oorsproklik van Mosambiek , sy vrou ‘n ekonoom in Zimbabwe, sy seun, swemmer by die Junior Olimpiese spele 2012…

Discipleship = Relationship. Ons gebed is dat sulke Goddelikke ontmoetings en afsprake met “excellence” opgevolg en aangepak sal word. Bid saam asb vir Jan, Dr en Eben.

Kom ons bid saam

Dankie Vader…

~ Jan, Dr, Khamal, Motsie, Xashee, Xao, Keith en Sean almal oop harte om pad van dissipelmaking te stap
~ Gewillige harte uitreikgroep: geseënde tyd saam met hulle en Vader
~ EN opleidingsweek: bedieningsmetodes, fellowship met mede-gelowiges
~ Sy Woord wat Lewend is
~ Dat dit goed gaan met Willem, Josef en Tim
~ Goeie gesondheid oor die winter-koue maande

Bid asb saam met ons vir…

~ Balans, gesinstruktuur, ontspanning, stilte tyd, prioriteite
~ Die vooruitsig van 'n voeding / bediening geleentheid aan weeskinders in Mathlapaneng
~ Siegfried, Rosa, Siedro en Roshanna wat oppad is na Botswana om Vader se roeping te gehoorsaam
~ Guns – oop deure in die Boro en Kwai gemeenskappe / gebied
~ Russian by Qangwa, se trouplanne asook sy bediening saam met Boo
~ Qangwa bou-projek
~ Gebroke gesinne, jaloesie, verslawing in Maun gemeenskap
~ Aanslae van die jaloerse een

Baie liefde en opregte groete vanuit Botswana,

Dries Ilse Jana Cordre van Jaarsveldt